Skryfwerk: Inleidings- en slotoefeninge

Deur: Ezilda Fouché, Hoërskool Parys

Leerders is dikwels nie tevrede met hulle skryfwerk se punte nie. Een manier waarop hulle hul skryfwerk kan verbeter, is om meer aandag te skenk aan hulle inleidings- en slotparagrawe.

1. Inleidingsparagrawe

Daar moet in gedagte gehou word dat inleidingsparagrawe die leser se eerste indruk van jou opstel is. Dit is dus noodsaaklik dat die leser se nuuskierigheid onmiddellik geprikkel moet word sodat hy/sy graag verder sal wil lees.

1.1 Wenke vir die inleidingsparagraaf

- Sorg dat dit treffend is.
- Die paragrafie is kort – probeer dit beperk tot ongeveer 15 – 25 woorde.
- Maak gebruik van vraagsinne, ellipse, uitroepe, ontkenning, aandagstrepe, ens. om die leser aan die dink te sit.
- Gebruik gepaste woordkeuses sodat die leser 'n prentjie kan vorm van dit wat jy wil sê.
- Wissel die sinslengte – as jy spanning wil skep, gebruik kort sinnetjies.
- Onthou, 'n gedig kan ook as 'n treffende inleiding en slot dien.
- Baie leerders is geneig om in die inleidingsparagraaf te veel te sê – onthou dit is slegs 'n inleiding – die res van die opstel sluit daarby aan.
- Die storie begin by die oomblik van verandering in die lewe van die hoofkarakter. Nié daar waar jy opstaan, aantrek, pap eet en skool toe stap nie. Daar moet dadelik iets gebeur sodat alles dramaties verander.
- Begin jou storie met aksie, dialoog of 'n prikkelende probleem. Die leser moet **sê: "Wat nou?"**

1.2 Wat kan die onderwyser doen?

Lees vir die leerders goeie voorbeelde van inleidingsparagrawe.
Gee vir die leerders 'n inleiding en vra hulle dan om die inleiding oor te skryf sodat dit meer treffend is, byvoorbeeld:

Inleiding: Ek gaan nie weer saam met Ma dorp toe nie.

Moontlike alternatiewe:

- Ek weer saam met Ma dorp toe gaan? Moenie glo nie!
- Weer saamgaan? Nee, ek gaan nie weer saam dorp toe nie.
- Dorp toe gaan saam met Ma? Nie ek nie!
- Nie weer nie! Ek gaan nie wéér saam met Ma dorp toe nie.



2. Die slotparagraaf

Die slotparagraaf moet 'n blywende indruk op die leser maak en die opstel as 'n geheel bevredigend afsluit. Dit is gee 'n samevatting van die hele inhoud op 'n treffende wyse.

2.1 Wenke vir die slotparagraaf

- Dit moet verkieslik by jou inleidingsparagraaf aansluit.
- Dit is die hoogtepunt en moet 'n verrassende ontknoping/oplossing bevat.
- Kort en kragtig.
- In 'n argumenterende/beredeneerde opstel moet 'n duidelike, oortuigende gevolgtrekking gemaak word wat jou perspektief ondersteun.

2.2 Wat kan die onderwyser doen?

Lees vir die leerders goeie voorbeelde van slotparagrawe wat aansluit by inleidingsparagrawe en wat opstelle bevredigend afsluit.

Voorbeelde van interessante inleidings- en slotparagrawe

Titel van opstel	**Inleidingsparagraaf**	**Slotparagraaf**
Uit my dagboek: 'n leë bladsy (Opgedra aan Ingrid Jonker)	My dagboek was leeg. Kaal. Soos bome in die snerpende winterkoue – op soek na net 'n spatseltjie son. Want jy was my son, my warmte. My vuur.	Sy het haar dagboek leeg gevee by Drieankerbaai, daar waar haar liggaam uitgespoel lê. In wier en gras en sand geberg.
Buite die ligkring	*Die mens swoeg en sweet* *val in sy eie kou* *krom en stom* *deur sy eie laste -* *"Alles kom tot niks," sê die Prediker,* *"tot niks."*	*Die son gaan onder -* *stof word stof;* *die mens gaan die wêreld uit:* *dieselfde. Nakend –* *kaal, in hul ellendige* *alleenheid.*

Verslaaf	Toe ek oor die drumpel van die ou, bedompige huis stap, spook my verlede by my. My oë speel huiwerig oor die kurwes van die huis.	Die donker huis klou aan my soos 'n tweede vel. Herinneringe spoel soos 'n genadelose see deur my siel, dit kalwe aan my brose mentaliteit ... Deur my sluier van trane sien ek my verlossing, my toevlug – my Jesus.
Familieverraad	Anna hardloop vinnig terug toe sy die fyn koppie, met die pragtige roospatroon, aan skerwe hoor val. Sien sy skok in Generaal se oë?	Anna gil terwyl die rooskoppie uit haar hande val en aan skerwe spat. Die tee sypel soos riviertjies in die mat in ...
Genade	Die doodsengel hang oor sy kop; maal in sy gedagtes. Dié gedagtes word langsamerhand werklikheid. Doodstraf ... Doodsvonnis ... Doemvonnis!	Sy senuwee-eindpunte bulder van pyn en die donker word 'n onherroeplike duisternis.

Inleidings- en slotparagrawe: oefeninge

1 Kies EEN van die volgende opstelonderwerpe en voer die onderstaande opdragte uit: (Moenie die hele opstel skryf nie, maar vorm 'n idee van die storielyn sodat jou inleiding en slot bymekaar aansluit.)

Die legkaart

Dit vreet soos kanker aan my

Kleine muisies, grote ore

Skaakmat!

1.1 Skryf DRIE verskillende inleidings vir die opstel.

1.2 Skryf DRIE slotparagrawe wat by jou drie inleidings pas.

2. Hou jou opstel se onderwerp in gedagte en voltooi by die volgende telkens die sin. Jou sin mag nie meer as 15 – 20 woorde wees nie.

2.1 Het jy al ....

2.2 Die Dinsdagmiddag ...

2.3 Sy oë ...

2.4 Stadig draai ek om ...

2.5 Maar toe is ....

3. In die volgende opstel is doelbewuste foute gemaak. Redigeer die opstel en skryf dit dan netjies in jou skryfjoernaal oor.

Afrikaans: sal dit uitsterf?

Deur: Fralize Fouché

Soos die bybel sê, wemel die aarde van dooie talle maar sowaar as wat padda manel dra – ons taal ís nie en sál nooit een van daardie tale wees.

Breyten Breytenbac 'n bevaamde afrikaanse skryfer het 'n rooi bors duif-waarskiewing vir ons gegee ons taal gaan uitsterf. Hy sê dit ook nie sonder reg. Ons sien afrikaans al hoe minder in die howwe, op die TV en selfs in ons eie lewensswyse! Maar waar Breytenbach die pot total en al verkeerd sit is dat hy vergeet het wat 'n taal is woorde letters punte en hoope reels wat net gebreek word? Nee! Afrikaans is my hart se pund. 'n Taal wat lewe gee aan hoope trotsAfrikaanse karakters soos Saul en Kate. 'n Taal wat as jy sê jy't iemand lief, drup met die soetsste jening. Afrikaans is my kaalvoetaal wat ek in leer bid het en waarin ek werklik kan lééf! Afrikaans is my flerke...

Die aantal afrikaanse enkel medium skole het afgeneem sedert 1993 met 729. Dis volgens keners 'n dydelike teken van Afrikaans se ineenstorting maar ek glo die dood is nie in die pot. Die afrikaanse gemeenskap gaan vir hul regte opstaan en opmaak vir dit. Afrikaansprekendes sal nie toelaat dat afrikaans sy posisie prysgee as akedemiese taal nie.

Etienne Van Heerden stem saam met Breytenbach as hy sê dat Afrikaans 'n viool is wat net straat deuntjies speel maar geen komplekse simfonië kan uitvoer. Dis hier waar ek my foet dwars neersit! Net oorlat daar nét straatdeenkies op 'n viool gespeel word, maak nie die viool fals nie! Dis die musiekant wat nie komplexe simfonië kán uitvoer. Ons moet nootdjie vir nootdjie begin oefen aan simfonië om seker te maak dat afrikaans nie in 'n eenfoudige straatdeenkie taal verfal.

En dit sal ok nie. Ons kunstenaars ruk en rol nogsteeds in Afrikans. Ja daar is nou wel Afrikanse kunstenaars wat ons taal platvloers maak maar hulle is darm in die minderhyd. Wil Etienne dan rerig vir my vertel dat Laurika, Juanita, T.T. Cloete, Dalene Matthee en Hans Du Plessie straatdeenkie kunstenaars is? Het Ettienne en Breyten dan al vergeet hoe ongelooflik wonnerlik die literatuur skat is wat hulle eie woorde vir 'n Afrikaanse hart inhou?

Afrikaans moet die binnevet van die bout kry! Kyk maar net na hebreeus wat in totaale onbruik verfal het en nou die amtelike taal van Iesrael is. Die enigste manier om ons Taal dood te maak is om die miljoene wat Afrikaans wereld wyd praat ook doodtemaak. Dink maar net aan die plaas japies in London en die kleurvolle Kaapse Klopse op die *Cape Flats,* of moet ek sê Kaapse vlaktes. Dit is ok wêrklik tyd vir die Afrikaaner om die kleurlinge se rol in Afrikaans te besef! Dit is tog ons amal se verantwoordelikheid om Afrikaans lewendig te hou.

Ek besef dat jy en ek nie alleen afrikaans se probleme kan oplossie maar ons kan elkeen ons deelkie dun. Een mier drae net een sand korel maar saam bou hulle 'n reuse muurshoop.

Ons moet op hou om vir God te vertel hoe groot ons storem is. Die tyd het gekom dat ons vir die storem vertel hoe groot ons God is!

Sy's die hart slag van die kunste kom voel die hitte in haar litte. Kom kry die smaak in haar kultier. Skerp en skepend fang sy gees. Sy is die doreng van die vees. Sy is veraltyd ...Afrikaans ons ougat bakgat taal!

Memorandum – Afrikaans: sal dit uitsterf?

Deur: Fralize Fouché

Soos die Bybel sê, wemel die aarde van dooie tale, maar sowaar as wat padda manel dra – ons taal ís nie en sál nooit een van daardie tale wees nie.

Breyten Breytenbach, 'n befaamde Afrikaanse skrywer, het 'n rooiborsduif-waarskuwing vir ons gegee: ons taal gaan uitsterf! Hy sê dit ook nie sonder reg nie. Ons sien Afrikaans al hoe minder in die howe, op die TV en selfs in ons eie lewenswyse! Maar waar Breytenbach die pot totaal en al mis sit, is dat hy vergeet het wat 'n taal is: woorde, letters, punte en hope reëls wat net gebreek word? Nee! Afrikaans is my hart se punt. 'n Taal wat lewe gee aan hope trots-Afrikaanse karakters soos Saul en Kate. 'n Taal wat, as jy sê jy't iemand lief, drup met die soetste heuning. Afrikaans is my kaalvoettaal waarin ek leer bid het en waarin ek werklik kan lééf! Afrikaans is my vlerke ...

Die getal Afrikaanse enkelmediumskole het sedert 1993 met 729 afgeneem. Dit is volgens kenners 'n duidelike teken van Afrikaans se ineenstorting, maar ek glo die dood is nie in die pot nie. Die Afrikaanse gemeenskap gaan opstaan vir hul regte en daarvoor opmaak. Afrikaanssprekendes sal nie toelaat dat Afrikaans sy posisie as akademiese taal prysgee nie.

Etienne van Heerden stem saam met Breytenbach as hy sê dat Afrikaans 'n viool is wat net straatdeuntjies speel, maar geen komplekse simfonieë kan uitvoer nie. Dis hier waar ek my voet dwars neersit! Net omdat daar nét straatdeuntjies op 'n viool gespeel word, maak dit nie die viool vals nie! Dis die musikant wat nie komplekse simfonieë kán uitvoer nie. Ons moet nootjie vir nootjie begin oefen aan simfonieë om seker te maak dat Afrikaans nie in 'n eenvoudige straatdeuntjie-taal verval nie.

En dit sal ook nie. Ons kunstenaars ruk en rol nog steeds in Afrikaans. Ja, daar is nou wel Afrikaanse kunstenaars wat ons taal platvloers maak, maar hulle is darem in die minderheid. Wil Etienne dan rêrig vir my vertel dat Laurika, Juanita, T.T. Cloete, Dalene Matthee en Hans du Plessis straatdeuntjie-kunstenaars is? Het Ettienne en Breyten dan al vergeet hoe ongelooflik wonderlik die literatuurskat is wat hulle eie woorde vir 'n Afrikaanse hart inhou?

Afrikaans moet die binnevet van die boud kry! Kyk maar net na Hebreeus, wat in totale onbruik verval het en nou die amptelike taal van Israel is. Die enigste manier om ons taal dood te maak, is om die miljoene wat Afrikaans wêreldwyd praat ook dood te maak. Dink maar net aan die plaasjapies in Londen en die kleurvolle Kaapse Klopse op die *Cape Flats,* of moet ek sê Kaapse vlaktes? Dit is ook werklik tyd

vir die Afrikaner om die bruinmense se rol in Afrikaans te besef! Dit is tog ons almal se verantwoordelikheid om Afrikaans lewendig te hou.

Ek besef dat ek en jy nie alleen Afrikaans se probleme kan oplos nie, maar ons kan elkeen ons deeltjie doen. Een mier dra net een sandkorrel, maar saam bou hulle 'n reusemiershoop.

Ons moet ophou om vir God te vertel hoe groot ons storm is. Die tyd het gekom dat ons vir die storm vertel hoe groot ons God is!

Sy is die hartslag van die kunste – kom voel die hitte in haar litte. Kom kry die smaak in haar kultuur. Skerp en skeppend vang sy gees. Sy is die doring van die fees. Sy is vir altyd ... Afrikaans, ons ougat, bakgat taal!